*P.G.W. du Plessis*

# SOSIALE ETIEK EN H.G. STOKER SE *STRYD OM DIE ORDES**

## 1. Gebrokenheid en sosiale etiek

Stoker het geen sosiale etiek in sy *Die stryd om die ordes* van 1942 geskryf nie. Dit is 'n werk oor die samelewingsfilosofie. In twee opsigte het dit wel betekenis vir 'n sosiale etiek.

Eerstens bied Stoker se metode van aanpak, asook die doel van die boek pragtige groeipunte vir 'n sosiale etiek.

Tweedens bied Stoker se filosofie van die mens en die samelewing implisiete en soms eksplisiete konsekwensies en vingerwysings na 'n sosiale etiek.

Oor die konsekwensies van sy mensbeeld en samelewingsfilosofie gaan ek vanweë pertinente redes dit nie wyd uitmeet nie. Konsekwensies het enersyds iets van 'n logiese toutologie; dis net 'n kwessie van toepassing. Om Stoker se antropologie en sosiale filosofie op die etiek te gaan toepas, lyk my nie na 'n baie opwindende manier om te filosofeer nie. Dit skep nie maklik 'n geleentheid om die antropologie en sosiale filosofie self reformerend te gaan vernuwe nie. Maar kom ons kyk watter vingerwysings na 'n sosiale etiek is in Stoker se mensbeeld en samelewingsfilosofie aanwesig.

Opgesom kom sy siening op die volgende neer:

(1) Die mens is kragtens sy skeppingsaard tegelyk en oorspronklik 'n indiwiduele en sosiale wese en het daarom ook 'n indiwiduele en sosiale roeping in diens van God.

(2) Die Calvinis sal altyd die mondigheid van die indiwidu as verantwoordelike wese en die selfstandigheid van die menslike verband as verantwoordelike eenheid respekteer.

(3) Isolasie van indiwidue, van verbande, van kultuurkringe en

* H.G. Stoker-huldigingslesing gehou op 30 Maart 1978.

van natuurgebiede is onmoontlik.
(4) Die mens gaan nie volledig op in enigeen van die verbande nie; geen menslike verband gaan in die indiwidu op nie.
(5) Die mens as sosiale wese is nie aan die mens as indiwiduele wese ondergeskik nie. So ook is die mens as indiwiduele wese nie aan die mens as sosiale wese ondergeskik nie. Beide is gelykwaardig en beide is van mekaar onafskeibaar en beide is van mekaar afhanklik.
(6) Telkens geld uniekheid en vervlegting as twee beginsels wat mekaar nie ophef nie, maar juis aanvul. Telkens hoor ons dat die onderlinge afhanklikheid nie die mondigheid van die indiwidu of die vryheid van die menslike verband bedreig nie.
(7) Daar bestaan geen enkele menslike verband (byvoorbeeld kerk of staat of volk of gesin of werkersklas of bedryf) wat alle indiwidue en verbande omvat nie. Die eenheid van die mensdom moet daarin gesoek word dat alle mense en verbande uit een bloed stam en dat die wedergebore mensheid sy worteleenheid in Christus vind.
(8) Omdat hy sondig en die aarde vervloek is, het die mens nie net die taak om positief kultuur te bou nie; hy moet ook stryd teen die sonde en sy gevolge voer.
(9) Vanweë die sonde kan daar 'n konflik tussen die mondige indiwidue en die vryheid van die verbande ontstaan. Algemene voorskrifte hoe om in sodanige konfliksituasies te handel, kan nie gegee word nie. Tog moet daar een of ander oplossing vir noodsituasies gesoek word.
(10) Stoker onderskei 'n sestal noodsituasies. Daarby verskaf hy telkens praktiese riglyne om so 'n noodsituasie te beredder. Ek beskou hierdie paragraaf 86 van hom as een van die juweeltjies in ons Calvinistiese filosofie. Ek hoop u word entoesiasties om die teks self te gaan lees as u die volgende samevatting gehoor het:
(a) Ons het 'n noodtoestand as 'n verband sy pligte verwaarloos of onbevoeg is om dit te doen of verhinder word om dit te doen. In so 'n geval kan 'n naas-staande menslike verband tydelik die taak oorneem.
(b) 'n Verband sou deur sy gesagsdraers verkeerd beheer kon word. In so 'n geval moet die reg van protes en van kritiek teen

verkeerde gesagsuitoefening uitgebring word.
(c) Soms is meer as protes en kritiek nodig. Dan praat Stoker van daadwerklike hervorming langs konstitusionele weg; dit is 'n weg wat deur die struktuur van die menslike verband bepaal is.
(d) Dikwels bestaan geen ander uitweg as om te skeur nie. 'n Deel van die lede van 'n verband kan uit roepingsverpligting genoodsaak word om te splits en tot 'n aparte eenheid te konsolideer en ander dan te bestry. Skeuring as gevolg van persoonlik-subjektiewe belange of magsuitbreiding as gevolg van motiewe van wrok is nie geoorloof nie.
(e) en (f) Naas bogenoemde vier metodes wat nog konstitutioneel wil wees en die gesagsprinsipe wil eerbiedig, formuleer Stoker twee metodes wat gesagsongehoorsaamheid vereis: passiewe weerstand en aktiewe verset. Lydelike verset mag alleen toegepas word as geeneen van die ander metodes die noodsituasie oorwin nie. Die weerstandbediendes, die ongehoorsames moet gewillig wees om die juridiese gevolge van hulle dade (boetes, tronkstraf, doodstraf) te dra.

Help selfs hierdie radikale hervormingsmetode nie, en word dit 'n geval van botsing waarin die mens God meer gehoorsaam moet wees as 'n menslike gesagsdraer, dan is aktiewe verset geregverdig.

Ten opsigte van punte 8, 9 en 10 (re sonde en konflik en noodsituasies) is daar vir die huidige Calvinisme 'n vrugbare toekomstaak in aansluiting by en in kritiek op Stoker. Ons Calviniste moet nog ons sosiale *noodetiek* skryf.

Te lank reeds het die Calvinisme byvoorbeeld die vraagstuk van „civil disobedience" aan die humanis, die rewolusionêr en die neo-Marxis oorgelaat. Anders gestel: Ons Calviniste, Stoker inkluis, het oorwegend aandag geskenk aan die skets van 'n prinsipieel normatiewe of selfs ideale toestand. Ons het met groot ywer geformuleer hoe mense en hulle verbande behoort te lyk en te funksioneer. Die normatiewe of de jure-opset het by ons 'n taamlike intensiewe studie ontvang. In bekende terme gestel: By Christenwetenskaplikes/denkers oor taal, geskiedenis, reg, opvoeding, etiek, kuns en so meer, is die orde van die skepping aan die orde van die dag. Die sogenaamde orde van die sondeval, die werking en die effek van die kwaad, die grille van die abnormale het

by ons Calviniste baie minder aandag geniet.

Ons moet nie langer probeer om hierdie byna idealistiese trek onder Calviniste goed of weg te praat nie. Die eis van die tye en die roeping deur vandag se omstandighede vra van ons 'n wetenskap oor ons gebroke strukture en oor ons abnormale menslike optredes en oor die de facto-opset in ons menslike samelewing en oor ons roeping omtrent dit alles.

Aan die orde van die dag is immers geen ideale normgehoorsamende toestand nie. Aan die orde van die dag is die stryd tussen die ryk van die lig en die ryk van die duisternis (Augustinus).

In 'n toekomstige sosiale noodetiek hoef die boekemark nie oorstroom te word met sogenaamde realistiese titels oor „krisis", „probleem", „afwyking", „mislukking", „leun", wat sogenaamde idealistiese titels oor „norm", „essensie", „vastheid", „goedheid" en „waarheid" gaan vervang nie.

Dit gaan immers oor ons *roeping* omtrent die abnormale in ons samelewing vanuit die perspektief van die verlossing in Jesus Christus. Hieraan behoort 'n toekomstige sosiale etiek onmiddellik aandag te gee. Daarom pleit ek vir 'n ander benadering as by kultuurpessimiste wat fatalisties die bestaande orde aan homself oorlaat om uit te brand of wat dit rewolusionêr met geweld na sy peetjie wil stuur. Ook pleit ek vir 'n ander benadering as by die kultuuroptimiste waaronder baie Calviniste tel; hulle wil 'n soort hemel op aarde bou met hulle Christelike politiek, Christelike pers, Christelike skole, Christelike vakverenigings. Dit is tog nie ons roeping om òf 'n ondergangskultuur òf 'n selfverlossingskultuur te beoefen nie. Dit is ons roeping om 'n verloste kultuur te beoefen. Om jou vandag as Christen te waag aan kultuur met sy moraliteit, sy ekonomie, sy kuns, sy politiek ensovoorts, beteken dat jy kultuur as waagstuk op die weg van dankbaarheid aandurf. 'n Waagstuk ja, omdat jou kultuur self 'n mengeling van seën en mislukking, van opstaan en val sal wees.

Dat ons beste werke nie volmaak is nie en die litteken van gebrokenheid dra, is geen aanduiding van 'n noodwendige dialektiek soos eietydse neo-dialektici sou beweer nie. Hier is sprake van die weg van heiligmaking in die roeping tot daaglikse reformasie van ons menslike verhoudings en van ons menslike struktu-

re.

Lê die mislukking en geringe vordering van talle Calvinistiese organisasies in Nederland, Suid-Afrika en elders nie ook daarin dat dit ooroptimisties Gods Koninkryk met hulle mensgemaakte werke vereenselwig het nie? Is daar nie dalk aanvanklik te veel toegespits op die ideale toestand en nie op die versondigde toestand nie? Het die Christendom nie dalk oneffektief geraak omdat hy hom te maklik vereenselwig het met die idealisme se afkeer teenoor die lelike, die slegte en die verkeerde nie? En loop die jongste pogings van die Christendom nie dalk gevaar om te versand in 'n materialistiese toespitsing op die abnormale sonder die perspektief van die roeping nie?

## 2. Hoofdoel en metode van *Die stryd om die ordes*

Genoemde vrae behandel ek op indirekte wyse deur Stoker se posisie te vergelyk met twee sterk filosofiese tradisies in verband met die taak van die wysbegeerte. Is die filosoof een of ander morele hervormer? Skematies gestel, sal 'n idealistiese tradisie hierop 'nee' antwoord en wil die materialistiese tradisie graag 'ja' sê.

### *2.1 Idealistiese onbetrokkenheid by morele wantoetstande*

Hoe beredeneer filosowe in idealistiese kring hul onbetrokkenheid by allerlei morele wantoestande in die samelewing?

Plato se verhaal van die eerste wysgeer is 'n verhaal wat wysbegeerte as 'n soort askese teenoor die praktyk uitbeeld. Toe Thales met sy oë na die sterre geloop en filosofeer het, het hy tot groot vermaak van 'n diensmeisie in 'n gat geval. Alle filosowe word belaglik as hulle juis binne die empiriese wêreld met sy bedrieglike veranderings wil beweeg. Die filosoof moet hom van die wêreld van kos en klere, van oorlog en vrede, van nyd en ontrouheid afwend. Hy het nie met hierdie soort geskiedenis en verganklikheid te make nie. Hy moet sy oog rig op die onverganklike en volmaakte vorme van dinge.

Sokrates sit die tradisie van 'n Thales voort as hy die mens wil oorreed om hulle nie oor geld en eer nie, maar oor die waarheid

en die siel of gees te bekommer.

In die daaglikse lewe gaan dit om brood en spele, geld en seks, roem en stryd, die stoflike en die liggaamlike. Die mens van hierdie wêreld is 'n gevangene van sy eie begeertes. Hier is die filosoof ontuis. Hy begeer nie aardse mag of stoflike besittings nie. Hy begeer die waarheid en vryheid. Plato laat die filosoof ontvlug na 'n hoëre wêreld van die geestelike dinge, 'n wêreld wat nader aan die gode, waarheid, die goeie en vryheid is. Filosofie soek na die wese of vastheid of idee van dinge, nie na die gebeure of dinamiek van dinge nie. Aristoteles wou graag hê dat 'n filosoof vry moet wees van die daaglikse sorge van die lewensonderhoud — sodat hy vry kon wees om sy aandag aan die filosofie te gee. Filosofie het dus geen nut vir die hantering van die daaglikse sorge nie.

Die sin van die filosofie lê nie in die beleef van allerlei politieke of morele of ekonomiese gebeure nie. Die sin van die filosofie lê in *theoria, denke, konsepte,* in 'n intellektuele skoue van en insig in die vaste vorme van dinge.

Die filosoof beskik eintlik oor die egte vrye tyd. Die man van die praktyk is van vroeg tot laat besig met luttele en bykomstige en onwesenlike sake terwyl hy aan sy ware menswees verbyleef. In die Middeleeue vind ons die ideaal van 'n *vita contemplativa* waar die vrye filosoof hom van die alledaagse lewe onttrek om in vryheid ongestoord na waarheid, goedheid en na God te soek. Vir 'n Hegel was die wêreld van die filosofiese denke die ware Jakob.

Die analitiese filosofie in ons eeu het begin as 'n protes teen die idealisme van vorige eeue. In sy toespitsing op krieketspelers en teedrinkers en teatergangers en mense wat pligsgetroue briewe gaan pos, wil dit deesdae wegbeweeg van die wetenskapstaal as elite-taal. Tog kom hierdie genteleman-filosofie nie by die abnormale bestaansvorme van menswees soos die moordenaar of die rewolusionêr of die sekspervert of die lafaard uit nie. Filosofie is eintlik nutteloos wanneer ek sonde met die bure het. Sosiale etiek, laat staan nog 'n noodetiek, hoort net nie by die wysbegeerte tuis nie.

*2.2 Materialistiese betrokkenheid by morele wantoestande*

Hoe beredeneer filosowe in materialistiese kring hulle betrokkenheid by allerlei morele wantoestande in die samelewing?

Vele konsekwensies van die Verligting se kreet dat die mens mondig is, is in ons eeu getrek. Wysbegeerte word gedemokratiseer en daarmee 'n massa- of volksbedryf. Ons denkwêreld, ons wysbegeerte word bepaal deur materiële wette en kragte. Materiële stryd is die vader van alle dinge, ook van moraliteit. Vir 'n Hobbes bestaan die geestelike lewe eintlik nie. Vir 'n materialis is God ook oorbodig. Wat bestaan, is die liggaam, sy bewegings en sy behoeftes. Die mens se liggaam en sy natuurlike behoeftes hoort tot die wese van die mens. „Der Mensch ist was er iszt!" Materiële en ekonomies stoflike verhoudings kleur al ons samelewingsverhoudings. Daarom wil Marx en neo-Marxiste dat die filosofie hom wel as 'n soort sosiale etiek moet bekommer oor die materiële armoede en liggaamlike begeertes en wanbalans in die verdeling van rykdom.

Die lewe bestaan voortdurend uit kragmetings en teenstellings. Elke wetenskaplike teorie staan in spanningsvolle verhouding met die samelewing waarbinne dit beoefen word. Dis woorde wat ek spreek, word bepaal deur die brode wat ek eet. Geen teorie is dus neutraal teenoor die bestaande praktyk nie. Daarom het die wysgeer 'n plig om met kritiek die bestaande morele praktyk te verander.

Toe die mens slegs in waarheid, vryheid, goedheid en God belang gestel het, het hy van homself en van sy medemens en van die materiële omstandighede waarin hy leef, vervreemd geraak. Godsdiens en idealisme is opium vir almal wat belangstel in stoflike verbetering en sosiale geregtigheid.

Daarom word filosowe ook opgeroep om die wêreld en die samelewing en die mens voortaan te verander in plaas van om oor die wese van waarheid, goedheid, die siel en oor God te spekuleer. Die sogenaamde hoëre wêreld van die gees is 'n abstraksie, 'n produk van wêreldontvlugting en van onverskilligheid teenoor die menslike lot op aarde. Die idealistiese etiek moet vanuit die praktyk gekritiseer word. Filosofie is afhanklik van die alledaagse

sosiale en stoflike lewensomstandighede. Daarom is materialisme die ware Jakob. Wysbegeerte moet eintlik uitmond in 'n sosiale etiek, 'n etiek wat hom bekommer oor die sosiale nood van die mens.

### *2.3 Calvinistiese antwoord van Stoker op die noodsituasie van sy dag*

Watter groeipunte en oop moontlikhede na 'n toekomstige sosiale etiek is daar vervat in die hoofdoel en metode van *Die stryd om die ordes?*

Met sy boek wou Stoker eerstens die wêreld van die denke, die oortuiging, die ideologie, bereik. Tweedens wou hy die wêreld van die praktyk met sy aksies en krisisse via die denkwêreld beinvloed. Hy sê in sy boek gaan dit om kennis, om volksopvoeding. Dit gaan eerstens om *onderskeiding*, dan kan die volk reg *kies*, en dan sal die volk weet wat om te *doen*.

„Wie die juiste kennis verwerf, kan verantwoordelik en vry handel" (bl. 1). Gebrek aan kennis beteken verwarring en broedertwis, veral op die gebied van die verhouding tussen kerk en staat, godsdiens en kultuur, huisgesin en skool. Die regte fondamente moet deur die juiste onderskeiding gelê word. Stoker wil dat die volk oor sake sal nadink, beslissings neem en met volle verantwoordelikheid sal optree.

Die vraag bly of Stoker hier nie dalk 'n te sterke eenrigtingsverkeer tussen danke en doen konstrueer nie. Anders gestel: het ons hier nie iets van 'n ooraksentuering van theoria ten koste van die praxis nie?

Kom ons luister hoe hy self die relasie tussen teorie en praktyk skets.

Teorie en praktyk of beginsel en lewenswerklikheid bots dikwels en is orals intiem vervleg. Die teorie bevat beginsels of ideale of lewensbelangrike riglyne vir die doen en late; dit wys 'n koers aan vir die praktyk; dit het konsekwensies vir die praktyk (bl. 15).

In die beoordeling van die stelsels kom eers die beginsels ter sprake, dan sy konsekwensies in die praktyk en daarna sy

verwerkliking in een of ander land. Die Calvinis sal altyd die praktyk volgens die beginsels of teorie hervorm (bl. 270).

Wat my hier laat huiwer om met Stoker akkoord te gaan, is die vraag of mens eers 'n Calvinistiese teorie moet uitbou en dit dan op die praktyk gaan toepas? Ons het hier 'n suggestie van idealisme wat nie rekening hou met die dinamiek van die praktyk en met die wedersydse afhanklikheid tussen teorie en praktyk nie.

Gelukkig het Stoker hierdie idealistiese trek ontgroei soos blyk uit latere werke soos *Oorsprong en rigting deel II.* Selfs *Die stryd om die ordes* as Stoker se antwoord op die nood van sy tyd, is al 'n oorwinning van genoemde idealistiese trek wat by talle Calviniste bestaan het.

Calvinisme moet in voortdurende wisselwerking en gesprek met die praktyk ontwikkel word. Ons gaan nie, soos 'n entoesiastiese aanhanger van die Wijsbegeerte der Wetsidee by geleentheid voorgestel het, eers 'n sosiale etiek opstel wat ons agterna op die praktyk wil toepas nie. Ons sosiale etiek moet eerder 'n etiese greep op en beoordeling van 'n heersende moraliteit wees. Die samestelling van ons sosiale lewe en ons historiese optredes is tog nie slegs gevolg of uitvloeisel van ons ideologie of teorie nie. Ons teorie vorm ook 'n deel van ons historiese ervaring en van ons heersende moraliteit. Die wêreld is immers nie slegs voorwerp van kennis nie; dit is ook 'n geleentheid tot roepingsvervullende aksie. Ons roeping moet ons ook selfontdekkend in die geskiedenis „in U lig" leer verstaan.

Stoker se motivering waarom hy die boek moes skryf, gee vir ons 'n belangrike vingerwysing vir die uitbou van 'n sosiale etiek. Hy sê die boek is geskryf onder druk van tyd en van werk en van 'n behoefte aan so 'n werk. Hierdie druk is eie aan elke Calvinistiese ontwerp. 'n Ideale Calvinistiese bloudruk bestaan nie.

Stoker het besef dat daar destyds in ons land 'n behoefte aan so 'n werk was. Hy het besef dat onder die omstandighede niemand anders die soort werk sou skryf nie. Hy het sy roeping as Calvinis ook ten opsigte van die onverwagse, die kontingente, die lastige, die nood, die krisis laat geld. Ook ons moet vandag deur sy optrede geïnspireer word. Ons moet dus nie ons roeping gebruik as verskoning om by die krisis en die lelike en die on-

wenslike in ons samelewing verby te kyk nie. Die Calvinis se roeping moet hom juis in staat stel om 'n noodtoestand of morele wantoestande in die samelewing raak te sien. 'n Noodetiek is nie maar 'n modegril by die Calvinisme nie.

Wat Stoker met *Die stryd om die ordes* beoog het, word ook duidelik in die lig van sy siening van die Calvinis se taak in die destydse tydsgewrig.

*Die stryd om die ordes* is 'n mooi voorbeeld van Calvinisme in aantog. Stoker sê dit gaan hier om die uitwerk van 'n Calvinistiese standpunt. Dit is vir hom geen offisiële verdediging van Calvinistiese gebaande weë nie. Die werk is 'n poging om 'n eie Calvinistiese pad oop te dink. Die nood van die tyd en die behoefte aan so 'n boek vra 'n Calvinistiese antwoord op die heersende nuwe vrae. 'n Calvinis moet immers die betekenis van die verlossing in Christus vir ons alledaagse lewe probeer trek. „Die Calvinisme is 'n oop stelsel, omdat dit die verskeidenheid en sy samehang uit God verklaar". „Die ontwikkeling van die Calvinisme is om hierdie rede positief, reformatories voortbouend" (bl. 265).

Calvinisme moet steeds nuut gehou word. Gefundeer in 'n vasstaande onwankelbare teosentriese fondament, is Calvinisme 'n oop stelsel wat „getrou aan sy grondslag steeds ontwikkel" (bl. 268). „Nuwe tye, nuwe node, nuwe omstandighede vereis vernuwing en vernude toepassing van Calvinistiese beginsels" (bl. 268).

Die Calvinis mag hom nie onttrek aan dit wat rondom hom gebeur nie. Hy mag nie passief staan teenoor die golfslae van nuwe ordes nie. „Ons mag ons ook nie aan die aanrollende golfslae van nuwe ordes aanpas nie en ons deur elke nuwe golfslag laat meesleur nie" (bl. 267).

„Die daarstelling van 'n nuwe orde in ons land mag nie wees 'n gedokter aan een van die vier antroposentriese stelsels (Liberalisme, Kommunisme, Fasjisme en Nasionaal-Sosialisme – PGW du P.) nie, maar moet, aansluitend by ons volksverlede, op 'n eie Calvinistiese grondslag positief uitgewerk word, met erkenning asook met gebruik van wat waardevol in die ander vier stelsels is" (bl. 265).

Hierdie uitwerking sal geskied deur die erkenning van drie be-

ginsels betreffende die soewereiniteit van God, die selfstandigheid van indiwidue, menslike verbande en kultuurkringe en dié betreffende die vrye wisselwerking tussen indiwidue en verbande.

Maar dan vul Stoker genoemde drie riglyne aan met 'n opdrag om 'n insig in die nood van die dag te ontwikkel. Vir hom was die volksnood destyds hoër as die nood van die indiwidu.

As Stoker nie hierdie vierde opdrag by die daarstelling van 'n Calvinistiese orde gegee het nie, was ons verplig om sy werk te kritiseer as 'n idealisme wat onverskillig teenoor ekonomiese uitbreiding, sosiale ongeregtigheid en morele eksploitasie sou staan. Die eerste drie beginsels het betrekking op die orde van die skepping. Die vierde riglyn het betrekking op die gebrokenheid en ons roeping daaromtrent in die lig van die betekenis van ons verlossing vir ons daaglikse lewe.

Weer neem ek die geleentheid te baat om te vra dat Christendenkers in die onmiddellike toekoms mekaar by die hand sal vat omtrent 'n sosiale etiek wat aandag gee aan die node in ons Suid-Afrikaanse samelewing. Waar ons vanweë allerlei probleme soos tyd, geld en mannekrag nie afsonderlike organisasie wil stig nie, laat ons begin om werkgroepe te stig. Die werkgroepe het dan nie die onmoontlike opgawe om die bestaande orde te vervang nie. Dit het die heerlike opgawe om aan die reformasie van die bestaande orde te werk. Tans het ons groot behoefte aan werkgroepe oor kwessies rondom arbeid en loon, eutanasie, egskeiding, kunswaardering en moraliteit, stadswartes, sport. Dit sal meer as net studiegroepe moet wees. Ons samelewing het behoefte aan advies en praktiese leiding in aksieprogramme. Dit gaan om 'n nuwe soort praktiese Calvinisme. Daarom sal dit goed wees as ons op 'n keer artikels van Stoker wat betrekking het op die praktiese aanpak van ons roeping, opnuut gaan publiseer. Dink byvoorbeeld aan juweeltjies soos „Progressiewe Calvinisme en die huidige wêreldtoestand" (in *Gegrendelde poorte,* brosjure oor die 25 jarige jubileum van die Gereformeerde Kerk, Kaapstad, 1948), en aan „Die aktuele betekenis van die Calvinisme vir ons jeug" (in *Oorsprong en rigting,* deel I, Tafelberg, 1967).

Stoker praat van die daarstelling van 'n nuwe orde. Maar hy is ook realis genoeg om te besef dat die Calvinis die vreemde geeste-

strominge nie met mokerhoue sal oorweldig nie. Hy sien in die talle nuwe ordes Gods Hand wat hulle gebruik vir die verwesenliking van Sy raadsplan. In elke nuwe orde sien hy waardevolle en negatiewe momente. „Aansluitend by die goeie en waardevolle in die geskiedenis wat was, word en kom" (bl. 268), moet die Calvinis hervormend op die nuwe ordes inwerk. Die verkeerde moet hy aan selfvernietiging oorlaat en ook met die oog op die toekoms „met alle mag bestry" (bl. 268).

Calviniste moet tog ligloop vir neigings tot sogenaamde kultuuroptimisme. Ons red nie die wêreld deur ons Calvinistiese organisasies nie. Selfs ons Christelike instellings moet daagliks gereformeer en vernuwe word ooreenkomstig tye en geleenthede van ons roeping. Elke Calvinistiese aksie moet 'n eskatalogiese perspektief behou en 'n utopiese oogmerk vermy. Ons mag nie ons tentpenne vir 'n mensgemaakte vaste woning verruil nie. Ons kan die status quo of bestaande orde nie as duiwels afmaak nie. Dit is ook getuienis van Gods gekome ryk. Ons kan ook nie by die bestaande orde bly stilstaan nie, want dit omvat nie die Koninkryk nie.

Hierdie wêreld en die geskiedenis is tegelyk 'n toneel van die rypmaakproses vir die oordeel van God en 'n toneel van die voorbereiding en ontvangs van die Koninkryk van God.

Teenoor die gangbare horisontalisme stel die Christen die eenheid van geloof en kultuur, van verlossing en samelewing. Hy ly nie aan die materialis se hoogtevrees vir alles wat bo die mens sou uitgaan nie. Want godsdiens en verlossing en genade is nie ekstra toevoegings tot die gewone lewe en wetenskap en kultuur en moraliteit nie. Die gewone lewe en geleerdheid en kuns en handel is juis genadegawes, vreugde en roeping.

**